- c) Alles het altyd verander.
- d) Wat het dit beteken?
- e) Dit het soms gebeur.

4.

- a) Hulle kon ry toe Themba kom.
- b) Jy moes sokker speel.
- c) Ek sou onthou.
- d) Wou jy toe fliek toe gaan?
- e) Ek moes; ek wou; ek kon en ek sou!

Toekomende tyd

1.

- a) Die maer hond sal orals kos soek.
- b) Pa sal vanaand 'n stukkie skaapvleis eet.
- c) My vriende sal dink ons skryf vandag eksamen.
- d) Meneer sal môre die fluitjie blaas.
- e) Ons sal daar wees.

Bywoorde

1.

- a) dikwels
- b) alleen
- c) in die hospitaal

2.

- a) Ons soek **orals** na die skêr.
- b) Die leeu brul **hard**. / Die leeu brul **tevrede**.
- c) Pa braai **dikwels** vleis. / Pa braai **smiddae** vleis. / Pa braai **daagliks** vleis. / Pa braai **binnekort** vleis.
- d) Hy antwoord **altyd** sy ouers. / Hy antwoord **dadelik** sy ouers. / Hy antwoord **soms** sy ouers.
- e) Sy maak **haastig** die deur oop. / Sy maak **stadig** die deur oop.
- f) Hy eet **binne** sy stuk vleis. / Hy eet **buite** sy stuk vleis. / Hy eet **iewers** sy stuk vleis.

3.

- a) anderkant – plek
- b) vreeslik – wyse
- c) altyd – tyd
- d) lekker – wyse
- e) Vandag – tyd
- f) nader – wyse

Hersiening

- 1. pak, aansteek, neersit, afhaal / pak / brand, word / is / sit, omdraai / onthou / werk, geur.
- 2. moet / kan
- 3. word / is
- 4. Leerders se eie sinne. Riglyne vir sinne:
 - a) Jy moet die vuur aansteek.
 - b) Jy moet die vleis neersit.

- c) Jy moet die vleis omdraai.
- d) Jy moet die vleis afhaal.

5.

- a) Die kole het reg vir braai gelyk.
- b) Jy moes eers die fyn takkies en papier ingesit het.
- c) Toe jy jou vuur aangesteek het, het jy sommer dadelik die hitte gevoel.
- d) Sy het besef sy het gedroom.
- e) Hy het met die leer tot bo geklim.
- f) 'n Baba kon nie self geloop het nie.
- g) Die nuwe braaier het probleme met die vuur gehad.
- h) Themba en Buyi het net die lekker ervarings onthou.
- i) Hy was toe baie moeg.

6.

- a) Die kole sal baie mooi lyk.
- b) Sy sal weet sy droom.
- c) Hy sal met die leer tot bo klim.
- d) Die vuur sal die rooster heeltemal skoon brand.
- e) Themba sal heerlike vleis bring.

7. Blokkiesraaisel:

Af:

- 1. wyse
- 2. sal
- 4. onoorganklike
- 5. balk.
- 6. rangskik
- 7. heet
- 11. roep
- 14. moes

Dwars:

- 1. was
- 3. zoem
- 7. was
- 8. oorganklike
- 10. tyd
- 12. sou
- 13. plek
- 15. vleis

Hoofstuk 6: Ander woordsoorte

Begripstoets

1. Leon de Villiers woon in **Pretoria**. Hy is 'n **onderwyser**, alhoewel hy **Staatsleer** en **internasionale politiek** studeer het. *Die Pro* is sy **eerste** boek. Die uitgewer van die boek is **Tafelberg**. Tiaan is **sestien** in hierdie boek.
2. 'n Seun wat leer om sy vriend se dood te verwerk.
3. waar, waar, vals, vals, waar, vals, waar
4.
 - a) Miskien, as jy nooit leer branderplankry het nie, sou jy nou nog geleef het.
 - b) Miskien as die ander nie daar was nie, sou jy nie so afgeshow het nie.
 - c) Miskien as ek gekyk het, sou ons jou vining genoeg kon uitgekry het.
 - d) Miskien, as jy minder gedrink het, sou jy nie so waaghalsig gewees het nie.

Ekstra hersiening

5. botstil
- 6.

Stellende trap	Vergrotende trap	Oortreffende trap
bruin		bruinste
mal		malste
	rowwer	rofste
min		minste

Lidwoorde

1.
 - a) Die kontinente
 - b) 'n Storie
 - c) Die gesigte
 - d) 'n Vegetariër
 - e) Die of 'n pad
 - f) Die hele tyd
 - g) Die meeste
 - h) 'n Rukkie
2.
 - a) 'n
 - b) die / 'n
 - c) die
 - d) die
 - e) 'n
 - f) 'n / die
 - g) die
 - h) die
3.
 - a) die
 - b) 'n
 - c) die
 - d) 'n
 - e) 'n
 - f) die
 - g) die
 - h) 'n

Telwoorde

1.
 - a) halfdrie / twee dertig
 - b) vieruur
 - c) honderd
 - d) sewe vyf-en-veertig / kwart voor agt
 - e) twee-en-vyftig
 - f) tien
 - g) vier-en-twintig
 - h) duisend
 - i) sestien rand nege-en-dertig sent

j) dertig

2. ses-en-twintigste, eerste, negende, dertig, veertien, sewe-uur, halfnege

3.

- a) Daar is **talle** kinders wat nie kos het om te eet nie
- b) Die **middelste** kind is dikwels die soetste kind.
- c) **Heelwat** leerders in ons skool is Zoeloesprekend.
- d) Om jammer te sê, is die **minste** wat jy kan doen.
- e) Die **meeste** van ons kos is in die yskas.
- f) Daar is **weinig** wat die siekte oorleef het.
- g) Die hen het **baie** eiers gelê.
- h) **Min** mense weet wat die waarheid is.
- i) Hy het **laaste** by die huis aangekom.

4.

- a) dae
- b) minute
- c) duisende
- d) rand
- e) kilometers
- f) maande
- g) meter
- h) weke

5.

- a) jaarliks
- b) laatsomer
- c) teetyd
- d) skemer
- e) pouses
- f) halfeeu
- g) soggens

Pootjievraag

- 1. 'n Duisendpoot
- 2. 'n Driekamp

Voorsetsels

1.

- a) van
- b) in
- c) van
- d) teen
- e) in
- f) met
- g) op

2.

voor	<i>in front of</i>
agter	<i>behind</i>
op	<i>on</i>
onder	<i>under</i>
in	<i>in</i>
langs	<i>beside</i>

met	<i>with</i>
per	<i>per</i>
oor	<i>over</i>
tussen	<i>between</i>
bo-op	<i>on top</i>
binne	<i>inside</i>
rondom	<i>about</i>
deur	<i>through</i>
agter	<i>in the back/at the back</i>
buite	<i>outside</i>
teen	<i>at</i>

3.

- | | |
|-----------------|-------------|
| a) met, na | h) op, na |
| b) per, op | i) aan |
| c) in, met, oor | j) vir, by |
| d) om, teen | k) aan, van |
| e) van, vir | l) na, by |
| f) by, van | m) aan |
| g) in, langs | |

4.

- | | |
|-------------|-----------|
| a) in | e) na, in |
| b) tot, van | f) na |
| c) teen, by | g) vir |
| d) op | |

5. Prente van links na regs:

- | | |
|--|---|
| <input type="radio"/> Prent 1: voor | <input type="radio"/> Prent 6: onder |
| <input type="radio"/> Prent 2: links van/langs | <input type="radio"/> Prent 7: binne-in |
| <input type="radio"/> Prent 3: op/bo-op | <input type="radio"/> Prent 8: tussen |
| <input type="radio"/> Prent 4: om | |
| Prent 5: deur | |

Vaste voorsetsels

1.

- | | |
|------------|-------------|
| a) aan,bo | e) oor |
| b) aan, op | f) oor, met |
| c) na, van | g) uit, uit |
| d) na, oor | h) by, op |

i) op, van

j) van, tot

2. Leerders kies eie verbindings en skryf eie paragraaf waarin vyf van die verbindings uit die tabel gebruik word.

Voegwoorde

1.

- | | |
|-----------|--------------|
| a) want | f) voordat |
| b) dus | g) sodat |
| c) as | h) Aangesien |
| d) daarom | i) aangesien |
| e) mits | |

2.

- | | |
|-------------|---------------|
| a) nadat | e) buitendien |
| b) toe | f) nogtans |
| c) Alhoewel | g) of |
| d) Tensy | |

3.

- a) Ek sal jou vanmiddag help omdat jy my laas keer gehelp het.
- b) Die wind waai te veel dus sal hulle nie kan visvang nie.
- c) Hy moet sy bril dra anders kan hy niks op die bord sien nie.
- d) Sy was baie hartseer, want sy het haar beste vriendin verloor.
- e) Sy verdien die prys, want sy het hard gewerk.
- f) Die kleure lyk pragtig toe die son ondergaan.
- g) My pa laat die man nie inkom nie, omdat hy hom nie vertrou nie.
- h) My sussie is siek, daarom kan sy nie saamkom nie.
- i) Ek het my toets gedop, alhoewel ek hard geleer het.
- j) My hond mag buite gaan speel, mits hy sy kos geëet het.

Tussenwerpsels

1.

Kolom A	Kolom B
Eina!	Dit was seer.
Ag nee!	Dit is nou jammer.
Jippie!	Ek is so bly.
Ongelooflik!	Ek het dit nie verwag nie.
O aarde!	Ek is verbaas.
Gmmf!	Ek is nie beïndruk nie.

2.

- | | |
|----------------|-----------------|
| a) Allawêreld! | d) O! |
| b) Gesondheid! | e) Ag, siestog! |
| c) Sies, man! | f) Oeps! |

g) Vervlaks!

h) Haai!

Hersiening

1.

- a) tot
- b) met

2.

- a) op
- b) op
- c) om
- d) vir
- e) op
- f) Vir
- g) by

3.

- a) vyftig rand
- b) honderd en vyftig rand
- c) een duisend vyfhonderd rand
- d) een en 'n half miljoen rand
- e) vierhonderd agt en dertig rand
- f) twaalfde
- g) honderd duisendste

4. nul agt twee ses sewe nul ses sewe nul ses nul twee vier

5.

Kolom A	Kolom B
Jippie!	Ek is baie bly.
Eisj!	Ek is verstom!
Grrrr!	Ek is kwaad!
Brrr!	Ek kry koud!
Eina!	Ek kry seer!

6. waar, waar, vals, waar, waar, vals

7.

- a) (Die) kognitiewe vaardigheid van kinders sal verbeter.
- b) ('n) FOCUS-toets sal ons help.
- c) (Die) program sal jou potensiaal ontwikkel.
- d) ('n) E-pos moet aan Karin Visser gestuur word.
- e) (Die) kind moet 'n geleentheid kry.

8. Afrikaanse woorde is: geleentheid, konsentrasie, aandagspan, geheue, ontwikkeling, vaardighede, gedrag, potensiaal

Hoofstuk 7: Sinsleer

Begripstoets

1. 'n Onderwyseres wat die kinders met luise besmet
2.
 - a) Juffrou Morkel
 - b) Morpot
- 3.

Kolom A	Kolom B
Meneer September	die skoolhoof
Mevrou Nyati	'n gesondheidswerker
Meneer Fourie	'n onderwyser
Nina en Jessie	leerders

4.

Hoe die juffrou luise van haar kop afhaal en in 'n vuurhoutjiedosie bêre. ✓

Hoe sy die luise oor twee kinders se koppe uitgooi. ✓
5. By apteke
6. Asyn en eier
7. Om die luise dood te maak.
- 8.

Afrikaans	Engels
insekweerders	<i>insect repellent</i>
geskik	<i>applicable</i>
tuimeldroog	<i>tumble dry</i>
stryk	<i>iron</i>
handdoeke	<i>towels</i>
storthoedjie (stortkeppie)	<i>shower cap</i>
besmet	<i>contaminate</i>
misverstand	<i>misunderstanding</i>

9.

Afrikaans	Engels
<i>removal</i>	verwydering
<i>conditioner</i>	opknapper
<i>footsteps</i>	voetstappe
<i>excuse</i>	verskoning
<i>rejoice</i>	juig
<i>overnight</i>	oornag
<i>nits</i>	nete
<i>lice</i>	luise

10. Eiers

11.

Luise is aansteeklik	✓
Jy moet met 'n storthoed slaap nadat jy mayonnaise op jou hare gesit het.	✓
Jy moet Doom of enige ander insekweerder op jou kop spuit.	x
Jy mag net elke tien dae jou hare was.	x
Kam jou hare elke twee weke met 'n luiskam.	x
Was elke dag jou hare met asyn.	x
Kam elke dag jou hare met 'n luiskam vir twee weke lank.	✓
Vries goed wat luise op het, dan hoef jy dit nie te was nie.	✓

Onderwerp, voorwerp en gesegde

1.

- Die grootwildjagter skiet olifante, leeus en luiperds.
- Die verpleegster versorg die pasiënt dag en nag.
- Tennis is die sportsoort wat Dennis die graagste speel.
- Laataand-partytjies hou die graad 8's selde.

2. Omkring die *gesegde* in die volgende sinne en onderstreep die *onderwerp*:

- My pa **neem** 'n foto van die pragtige bruid.
- Die skilder **skilder** 'n skildery.
- Ek en my vriende **kuier** elke naweek heerlik saam.
- 'n Groot probleem **is** dat Bongile nie skool toe **kan kom** nie.

3.

- My broer (onderwerp) maak (gesegde) toffie-appels (voorwerp).
- Lufuno (onderwerp) het vinnig op die sypaadjie gehardloop (gesegde).
- Tshilidzi (onderwerp) gaan saam met haar ouma bak (gesegde).

Bepalings

Byvoeglike bepalings

1.

- sappige, heerlike, soet
- jarelange, beste
- vuil
- puik

3. Leerders gee eie byvoeglike bepalings, byvoorbeeld pragtige, ou stories.

Bywoordelike bepalings

1.

- byvoeglike bepaling
- bywoordelike bepaling
- bywoordelike bepaling
- byvoeglike bepaling
- bywoordelike bepaling
- bywoordelike bepaling

g) byvoeglike bepaling

h) bywoordelike bepaling

3. (Vraag 2)

- a) onder die bed in
- b) vir 'n kort rukkie
- c) met al sy krag
- d) iewers in volgende maand
- e) baie klein en onduidelik
- f) daar onder by die skool se hek

Bysinne

1.

- a) byvoeglike
- b) byvoeglike
- c) bywoordelike
- d) bywoordelike
- e) byvoeglike
- f) bywoordelike

2.

Kolom A	Kolom B
Die kalf suip aan sy ma.	wat die bruin kolle op sy rug het
Die bome word groot.	wat tien jaar gelede geplant is
Die vrugte smaak heerlik.	wat ons gepluk het
Die slang seil op die grond.	wat giftig is
Die voëls vorm 'n formasie.	terwyl hulle vlieg
Die bobbejaan vreet 'n mielie.	wat hy gesteel het
Die onderwysers praat opgewonde.	wat vir hulle klasgegee het
Hulle sê hulle is so moeg.	dat hulle wil omval

Die infinitief

1.

- a) Hy leer hard om graad agt te slaag.
- b) Hy hou daarvan om sy huiswerk te doen.
- c) Ek leer my woorde om die rol van Juliet te speel.
- d) Ons probeer hard om die werk te verstaan.
- e) Ek oefen elke dag om te wen.
- f) Ons gaan volgende week see toe om vakansie te hou.

2.

- a. Hy sit regop aan tafel om te begin eet.
- b. Die selfoon se battery behoort vinnig pap te raak
- c. Hy behoort baie te lees.
- d. Die kinders hoef nie te praat nie.
- e. Hulle hoef vir 'n paar dae nie te oefen nie.
- f. Ons hoef net volgende week te oefen.

Enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne

Enkelvoudige sinne

1.

- | | |
|----------------|----------------|
| a) enkelvoudig | e) enkelvoudig |
| b) saamgestel | f) enkelvoudig |
| c) enkelvoudig | g) saamgestel |
| d) enkelvoudig | |

Saamgestelde sinne

- | | |
|---------|---------|
| a) waar | d) vals |
| b) waar | e) waar |
| c) waar | f) vals |

Woordorde in sinne

1.

- Ons drink koeldranke.
- Ek en my pa vang vis.
- Die motorwerktuigkundige het die kar herstel.

S(v¹)TOMP(v²)I

1.

- Elke naweek vang ek en my vriende vis by die dam.
- Om sesuur moet ek opstaan.
- Pa kan soms die lekkerste kos maak.
- Gedurende die vakansie het ek griep gekry.

2.

- Katlego gaan oormôre hard vir die eksamen leer.
- My oupa is sterker as 'n bees.
- Wihann wil vandag gou 'n meer betroubare motor koop om mee te ry.
- Michelle sal vandag stadig na haar maat op haar fiets ry om haar Lewensoriëntering-taak te doen.

3.

- My ma het gister haar duim sleg seergemaak in die kombuis.
- Sy gaan later die kaaskoek met aarbeie versier.
- Die wind waai healtyd in Kaapstad.
- Ava probeer om haar Natuurwetenskappe-taak elke middag klaar te maak.

- 4.
- Amour is elke dag baie lief vir Monique.
 - Ajah gaan vanmiddag by Nicole leer hoe om te swem.
 - Zoë neem elke Vrydag vyf boeke uit om die naweek te gaan lees.
5. Antwoorde in kolom D:
- Ek swem en hy sit op die wal.
 - Hy skop die bal maar die bal is mis.
 - Ek hou van tee, maar ook van koffie.
 - Die man lê onder die boom, want hy is baie moeg.
6. Antwoorde in kolom D:
- Ek swem nadat ek hard gewerk het.
 - Die man lê onder 'n boom, omdat hy baie moeg is.
 - Die bal trek oor die veld toe hy dit baie hard skop.
 - Hulle klim teen die muur op al is dit baie hoog.

Ontkenning

- 1.
- Nee, ek gaan jou nie bel nie.
 - Nee, ons luister nie graag musiek nie.
 - Nee, my ma kan jou nie saamvat nie.
 - Nee, ek was nie altyd so soet in die klas nie.
 - Nee, ek lees nie.
 - Nee, die skoolhoof is nie hier naby nie.
- 2.

Engels	Afrikaans
something → nothing	iets → niks
everybody → nobody	almal → niemand
always → never	altyd → nooit
any → none	enige → geen
must → mustn't	moet → moenie
everywhere - nowhere	orals → nêrens
already → not yet	alreeds → nog nie
somewhere → nowhere	êrens → nêrens

- 3.
- Ek kan niks doen nie.
 - Hy was nog nooit in Namibië nie.

- c) Ek gee nooit vir my vriende komplimente nie.
- d) Ek sien haar nêrens in die winkelsentrum raak nie.
- e) Ek hou van nie een van hulle nie.
- f) Het ek jou nog nêrens gesien nie?
- g) Hy moet nie nou gimnasium toe gaan nie.

4.

- a) Piet het nog nooit die yskas oopgemaak nie.
- b) My vriend sê dat hy glad nie honger is nie.
- c) Ek het nog nie enige pizza geëet nie.
- d) Moenie die deksel oopmaak nie!
- e) Die duiwe is nêrens nie.
- f) Het julle geen vars blomme nie?

5.

- a) Jy mag nie visvang nie.
- b) Honde word nie hier toegelaat nie.
- c) Harde musiek word nie hier toegelaat nie.
- d) Jy mag nie rommelstrooi nie.
- e) Drank word nie hier toegelaat nie.
- f) Jy mag nie jou selfoon hier gebruik nie.

Sinstipes

1.

Afrikaans	Engels
Wil u die wynlys bestudeer?	Would you like to see the wine list?
Ek wil graag die wynlys sien.	I would like to see the wine list.
Bring vir ons 'n bottel vonkelwyn!	Bring us a bottle of bubbly wine
Ek wil graag skaaptjops as hoofgereg bestel.	I would like lamb chops as a main course.
Mag ek asseblief groente saam met die vleis kry?	Could I please order vegetables with the meat?
Ons wil graag die hoofgereg bestel.	We would like to order dessert.
Watter nagereg verkies u?	Which dessert would you like? / Which dessert do you prefer?
Bring vir ons roomys met sjokoladesous.	Please bring us ice-cream with chocolate sauce.
Sjoe, die kos was lekker!	Wow, the food is good!

2.

- a) Waarvan hou hulle baie?
- b) Hoe hou sy van haar koel drank?
- c) Wat het sy vir haar ma gekoop?

- d) Hoeveel stappe is daar in hierdie resep?
 - e) Het hulle regtig baie moeite gedoen?
 - f) Wanneer het hulle vir die hele familie pap en wors gemaak?
- 3.
- a) Jy moet vandag al jou huiswerk doen.
 - b) Sy moet haar opstel klaar skryf.
 - c) Jy moet al die geskenke teodraai.
 - d) Oupa moet vir my stories vertel.
 - e) Ons moet betyds vir skool wees.
 - f) Jy moet die lig aanskakel.

Bedrywende en lydende vorm

- 1.
- a) Baie mooi gedigte word deur haar skryf.
 - b) Sy word in eksamentyd deur haar pa verbied om TV te kyk.
 - c) In al die hoërskole word hierdie boek deur die departement voorgeskryf.
 - d) Die boek word eers deur die taalversorgers geredigeer.
- 2.
- a) Die bank is onlangs deur die we berof.
 - b) 'n Hele mandjie suurlemoene is gister deur haar gepluk.
 - c) Verlede Saterdag is die kapers in die hoofstraat deur die polisie gevang.
 - d) Die boeke is verlede jaar deur die uitgewers gedruk en versprei.
- 3.
- a) Die tas sal deur iemand uit die kar gesteel word.
 - b) Die renoster sal met 'n slaapmiddel deur die veearts geskiet word.
 - c) Die dooie bok sal deur die aasvoëls omsirkel word.
 - d) Die leerders sal nooit weer deur Morpot met luise besmet word nie.
- 4.
- a) Al die kinders is met luise deur juffrou Morkel besmet.
 - b) Die video is deur Nina en Jessie gewys.
 - c) Jou hare sal met luiswerende sjampoe gewas moet word.
 - d) Klere, handdoeke en beddegoed moet gestryk of getuimeldroog word.
 - e) Mayonnaise is op haar hare gesit.
- 5.
- a) Die sak word van my kop af gepluk.
 - b) Die tou word met 'n knipmes agter my rug losgesny.

Direkte en indirekte rede

Direkte en indirekte rede by stellings

1.
 - a) Bongani sê dat hy vreeslik baie van 'n pizza hou.
 - b) Rajesh het gesê dat hy die vorige dag spinnekoppe wou vang.
 - c) Melany sal sê dat sy vreeslik baie van 'n pizza hou.

Direkte en indirekte rede by bevelsinne

1.
 - a) Mevrouw Nyati vra vir Morpot: “Het jy die kinders besmet?”
 - b) Morpot antwoord: “Ek het nie luise op my kop nie.”
 - c) Morpot gil op die onderwysers: “Los my uit!”
 - d) Zander sê: “Ek en Hannes is die konings van Melkbosstrand.”
 - e) Nadine vra: “Was jy en Adriaan die vorige dag by die restaurant waar Luna werk?”
2.
 - a) Mevrouw Nyathi sê vir juffrou Morkel om na die linkerkantste speelterrein te beweeg.
 - b) Jesse se ma beveel haar om haar hare droog te blaas.
 - c) Morpot gil dat hulle haar moet uitlos. Dit is nie sy wat luise het nie, dis hulle wat luise het.
 - d) Zander skree dat hulle moet plat val, omdat daar 'n perlemoendief is.
 - e) Oom Renaldo sê dat hulle die paneelwa se liggies moet regmaak.

Hersiening

1. Antwoorde vir kolom D:
Flaffie blaf en hy ruik aan die mense.
Die hond lê altyd op die bank, want dit is sy slaapplek.
Toe die gaste vir hom 'n bal gooi, hardloop hy om dit te gaan haal.
Hy is 'n vriendelike hondjie, al lyk hy soms kwaai.
2.
 - a) Ek bly nie permanent hier nie.
 - b) Jy kuier nie net vir 'n rukkie hier nie.
 - c) Die mense hou nie meer van my as van jou nie.
 - d) Hulle bederf my nooit nie.
 - e) Hulle hou nie baie van hom nie.
3.
 - a) Hy sê dat hy permanent hier bly.
 - b) Hy waarsku dat hy net vir 'n klein rukkie hier bly.
 - c) Die man skree dat hy nie op die stoele en banke mag gaan sit nie.
4.
 - a) Flaffie beweer: “Ek is belangriker as die gaste.”
 - b) Flaffie beveel die kuiergaste: “Moenie op die stoele en banke gaan sit nie!”

- c) Flaffie beweer: “Vir my menses is ek hulle vierbenige, wollerige kind.”
- 5.
- a) Ek word tot in die afgrond in bederf.
 - b) Honde is verlede week nie deur die gaste geduld nie.
 - c) Ek sal in die toekoms vriendelik deur die gaste behandel word.
 - d) Omtrent twintig mense word elke week deur die gastehuis gehuisves.
 - e) Die gaste word elke keer gewaarsku om gaaf te wees met my.
- 6.
- a) met die lang ore
 - b) lank en aanhoudend
 - c) omtrent die hele dag
 - d) in die gastehuis
 - e) tot in die afgrond in
 - f) met julle groot tasse
- 7.
- a) bywoordelike
 - b) byvoeglike
 - c) byvoeglike
 - d) bywoordelike
- 8.
- a) Hy sukkel so om met ’n vurk sop te eet.
 - b) Sy probeer om haar eie storie te skryf.
 - c) Ek kyk TV om my gunstelingaktrise te sien.
 - d) Ons werk in die werkboek om Afrikaans te verstaan.

Hoofstuk 8: Betekenisleer

Begripstoets

1. In 'n aftree-oord met die naam Avondpark.
2. Sy is die verpleegster in die kompleks.
3. Daar is nog 'n halwe honderd goed waarmee sy hom moet help voor die skool more begin.
4.
 - a) Avondpark
 - b) Groendakkies
5.
 - a) Elton April
 - b) Die verskriklike
 - c) Graad 8
6. Môre
7. aftree-oord, verpleegster, hoërskool, help, saamvat, nuwe
8. Die oumense is gevaarlik.
9. Sy is altyd op soek na iets.
10. Sy moet hom help om die goed te kry wat hy moet saamvat skool toe.
11.
 - a) truuks
 - b) kêrels
12. Hy blaf.
13. Bejaardes of pensioenarisse

Letterlik en figuurlike taalgebruik

1.
 - a) Daar is nie woorde om dit mee te vertel nie.
 - b) “Te snaaks vir woorde” is 'n uitdrukking wat nie letterlik beteken dat woorde nie gebruik kan word nie.
2.
 - a) figuurlike
 - b) figuurlike
 - c) figuurlike
 - d) figuurlike
 - e) figuurlike
 - f) letterlike

Idiomatiese uitdrukkings/idiome

1. Leerders teken self; betekenis in Engels is:

Jou eie graf grawe.	To dig one's own grave – bring on your own downfall.
Dis 'n Blou Maandag.	A Monday on which you feel gloomy (especially when returning to school after a weekend).

Sy oë is groter as sy maag.	There is more food on his plate than he could eat (he dished up more than he can eat).
Haar kop is vol muisneste.	She is in love.
Iemand 'n gat in die kop praat.	Manipulating someone or misleading someone.
Die spyker op die kop slaan.	To hit the nail on the head.
Hy is hoog in die takke.	He's drunk.
Hy eet met lang tande.	He doesn't like what he is eating.
Daar's 'n slang in die gras.	Something is wrong.

2.

- a) Van aangesig tot aangesig
- b) Oor die weg kom
- c) Moenie 'n gegewe perd in die bek kyk nie.
- d) Moenie wolf skree nie.
- e) Hy ruk hande uit.
- f) Die kool is die sous nie werd nie.
- g) Munt slaan uit iets.
- h) Jy kan 'n speld hoor val.

3.

- | | |
|------------|-------------|
| a) tande | f) pot |
| b) hare | g) deksel |
| c) uiltjie | h) maan |
| d) blare | i) blaadjie |
| e) vere | j) hoed |

4.

- a) 'n Druppel in die emmer – baie min, te min om 'n verskil te maak.
- b) Te groot wees vir jou skoene – astant wees of te voorwaarts.
- c) In 'n neutedop – iets kortliks sê.
- d) 'n Neseier hê – geld eenkant gesit (spaargeld)

5.

Kolom A	Kolom B
Iets uit die duim suig	Iets uitdink wat nie waar is nie
Botter kan nie in sy mond smelt nie	Hy maak of hy onskuldig is
Leë blikke maak die meeste lawaai	Mense wat grootpraat, doen die minste
Dis neusie verby	Jy kan dit nie meer kry/doen nie
Jakkals prys sy eie stert	Iemand prys homself
Voor op die wa wees	Te veel selfvertroue hê, veral gesê van kinders in grootmense se geselskap
Wingerdgriep hê	Iemand voel siek omdat hy/sy die vorige dag te veel gedrink het
Nie boe of ba sê nie	Niks sê nie

6.

Kolom A	Kolom B
Bokveld toe gaan	Doodgaan
Nog nie droog agter die ore nie	Nog nie volwasse nie
Nie gras onder jou voete laat groei nie	Om iets dadelik te doen
Geen haan sal daarna kraai nie	Niemand sal later iets daarvoor sê nie
Die mure het ore	Moenie daarvoor praat nie
So reg in die leeu se bek	Om in die moeilikheid te wees
Die een hand was die ander	Ons help mekaar
As die muis dik is, is die koring bitter	Wanneer mens genoeg geëet het, is die kos nie lekker nie
Liewer bang Jan as dooie Jan	Liewer versigtig as dood
Hoë bome vang die meeste wind	Bekende/belangrike mense kry die meeste kritiek
Die kat uit die boom kyk	Versigtig wees voor jy besluit

7.

- Almal is dood (op die skip).
- Hoe meer tyd verloop, hoe erger word die situasie.
- Sy is vol bloukolle en kneusmerke.
- Nie te goed nie, maar ook nie te sleg nie.
- Sy is heeltemal klaar gewerk.
- Die seuns gesels baie lekker.
- Die toespraak is kernagtig, maar sterk.
- Sy verdien dit sonder twyfel.
- Hulle gesels in detail oor alledaagse goedjies.
- Sy kla aanhoudend en erg.

Sinonieme

1.

- | | |
|---------|----------|
| a) bly | c) plek |
| b) soms | d) saans |

2.

Kolom A	Kolom B
Die meisie loop oor die straat	Die dogter stap in die straat af.
My pa was kwaad .	My woedende pa het hard op my geskree.
Ek praat nie weer nie!	Ons kan heerlik gesels .
Hy stap stadig.	Ek loop winkel toe.
Ek gaan beslis môre vroeg ry.	Ons gaan definitief môre vroeg ry.
Die sanger is baie gewild .	Justin Bieber is baie popular .
Jy maak 'n groot lawaai .	Daar is baie geraas .

Ek voel vandag hartseer .	Ek huil al die hele dag verdrietig .
Dit was 'n ware verhaal .	Dis een van die mooiste stories wat ek nog ooit gelees het.
Sy loop opgewek en fluit.	Hoekom is jy so vrolik ?
Dit was dom van hom om dit te doen.	Sy het 'n onnosel besluit geneem
Die uiteinde van die wedstryd was dat die Proteas gewen het.	Die uitslag van die kompetisie is bekend.
Ons is rustig by die huis vandag.	Sy het so 'n kalm geaardheid.
Sy voel uitgeput .	Sy is defintief baie moeg .

3.


- | | |
|-------------|---------------|
| a) heerlik | d) produktief |
| b) smaaklik | e) aangename |
| c) lustig | f) goeie |

4.

- | | |
|-------------------|------------------|
| a) kwaad/ontsteld | e) gekompliseerd |
| b) kyk | f) wêreld |
| c) resultaat | g) dik/geset |
| d) mooi | h) fantasties |

Antonieme of teenoorgesteldes

Die illustrasie wat as voorbeeld dien is verkeerd en sal met 'n herdruk reggestel word:



1.

Woord	Antoniem	Sinoniem
oumense	jongmense	tieners
gelukkig	ongelukkig	verdrietig
sag	hard	onbreekbaar
halwe	hele	volle

2. warm, groot, swart, eet, heerlik, soet, ryk, minder, vars, gebak, lekker, sonder

3.

- | | |
|--------------|--------------|
| a) figuurlik | c) ontspanne |
| b) min | d) vergeet |

- e) soet
- f) dof
- g) reus
- h) nee
- i) naby
- j) mal
- k) dom

- l) diep
- m) internasionaal/plaaslik
- n) teenwoordig/afwesig
- o) oninteressant
- p) haat
- q) buite

Homonieme

1. Die prente in kolom B word tussen hakies aangedui:

Kolom A	Kolom B
Eintlik is dit net my ma en die oumense wat dit Avondpark noem.	[net op 'n tennisbaan]
Wel , oumense se koppe raas mos maar partykeer.	[spraakborrel: Jy lyk siek; voel jy gesond?]
Nog nie weer haar ou trieks uitgehaal nie.	[klein weerkaart]
Ek roep hard genoeg dat tannie Hettie by Nommer 21 se hondjie begin kef.	[by of swerm bye]
Ek kom nog by daardie woord.	[berge rondom dorpie wat in 'n kom lê]
Oumense se koppe raas mos maar partykeer.	[mos en varings in 'n kloof]
Dis oor die oumense wat hier bly.	['n oor]

2. Leerders se eie sinne; hier is riglyne:

- a) Ek sit op die stoel.
Die tamatieplant stoel nou mooi.
- b) Ek was gelukkig.
Ek was myself.
- c) Ek skakel die lig aan.
Ek lig met die flits.
- d) Die lyk word na die begraafplaas geneem.
Dit lyk asof dit nog ver is.

4. Leerders gee eie sinne met enige vyf woorde in die tabel.

Homofone

1.

- a) moed
- b) vier
- c) loot
- d) gely
- e) lei
- f) moet

- | | |
|----------|---------|
| g) loot | l) hart |
| h) swaar | m) fee |
| i) swaer | n) vee |
| j) reis | o) wei |
| k) rys | p) bout |

2. Leerders skryf eie sinne met vyf van die homofone in die tabel.

Paronieme

1.

- | | |
|------------|-------------|
| a) kwaai | i) hulp |
| b) kwaad | j) help |
| c) liewer | k) vervelig |
| d) liewe | l) verveeld |
| e) gereeld | m) al |
| f) gereël | n) almal |
| g) erken | o) geroep |
| h) herken | p) beroep |

2.

- | | |
|---------------------------|--------|
| a) verkeerd (binnekort ✓) | e) reg |
| b) verkeerd (kortliks ✓) | |
| c) verkeerd (dokter ✓) | |
| d) verkeerd (dogter ✓) | |

'n Paar taaltameletjies

1.

- | | |
|-------------|---------------|
| a) waardeer | j) lei |
| b) waardeur | k) kyk |
| c) lêer | l) Sien |
| d) leër | m) ken |
| e) leer | n) weet |
| f) spyt | o) opgewonde |
| g) spuit | p) opwindende |
| h) lui | q) dokter |
| i) ly | r) doktor |

Een woord vir 'n omskrywing

1.

- | | |
|---------------------|------------------|
| a) pessimis | g) skinderbek |
| b) optimis | h) ateljee |
| c) smulpaap | i) planetarium |
| d) haasbek | j) boekwurm |
| e) nuuskierige agie | k) bangbroek |
| f) aktivis | l) fisioterapeut |

m) bank

Hersiening

1. Omdat hulle afgekap word.
2. Mense
3. Albei lewe en albei haal asem.
4. Mense kan groei, bome kan nie.
5. Bring back the death sentence.
6. Moordenaars
7. Mense wat bome afkap, is moordenaars.
8.
 - a) Live and let live
 - b) Jy het die reg om te lewe en daarom moet jy ander ook daardie reg gun.
- 9.

Kolom A	Kolom B
Die appel val nie ver van die boom nie	Jy aard na een van jou ouers
Hoë bome vang die meeste wind	Belangrike mense kry maklik kritiek
Deur die blare wees	Deurmekaar wees
Tussen die boom en die bas	Nie goed nie, maar ook nie sleg nie
Hoog in die takke wees	Dronk wees
Buig die boompie solank hy jonk is	Leer 'n kind dissipline terwyl hy nog jonk is

10.
 - a) Volgens die reg, het jy 'n goeie kans.
 - b) Dis reg!
 - c) Ons gaan 'n tog om die wêreld doen.
 - d) Jy weet dit tog!
11.
 - a) aantal
 - b) eie
 - c) kleure
 - d) verdwaal
 - e) Spyt
 - f) nuus
12.
 - a) vrolik
 - b) verkeerd
 - c) dood
 - d) ster
13.
 - a) behoort
 - b) teruggekeer
 - c) verdrietig

Woordeskatuitbreiding

1. Leerders se eie dialoog

Oefenvraestel

1. Toe klap my kamerdeur so hard toe dat my ore tuit. ✓ ✓
2.
 - a) assimilasië ✓
 - b) ontronding ✓
 - c) ontronding ✓
 - d) oorronding ✓
3. Hy't gesê: "Ek kan vanmôre rêrig nie geëet kry nie." ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓
4.

a) skryf ✓	g) vrees ✓
b) dryf ✓	h) vryf ✓
c) lyf ✓	i) vandag ✓
d) loof ✓	j) verveel ✓
e) doof ✓	k) familie ✓
f) fokus ✓	
5.

a) meisies ✓	h) branderplanke ✓
b) fantasties/asemrowend ✓	i) handel ✓
c) maats ✓	j) lugtyd ✓
d) woedeaanvalle/drifbuie ✓	k) ontken ✓
e) vertoning ✓	l) dood ✓
f) meganismes ✓	m) lasbrief ✓
g) haarstyle ✓	
- 6.

Enkelvoud	Meervoud	Verkleining	Enkelvoud	Meervoud	Verkleining
	susters ✓	sustertjie ✓		SMS'e / sms'e ✓ (beide uitgange is korrek)	SMS'ie / sms'ie ✓ (beide uitgange is korrek)
	fone ✓	foontjie ✓		foute ✓	foutjie ✓
oog ✓		ogies ✓		oomblikke ✓	oomblikkie ✓
hand ✓		handjies ✓		yswinde ✓	yswindjie ✓
nael ✓		naeltjies ✓	ou ✓		outjies ✓
	gange ✓	gangetjies		haaie ✓	haaitjie ✓
	kussings ✓	kussinkies ✓		heuningkwasse ✓	heuningkwassies ✓
	kamer ✓	kamertjie ✓		kamerdeure ✓	kamerdeurtjies ✓
	heupe ✓	heupie ✓	oor ✓		oortjies ✓

7.

Woord	Lettergrepe	Klankgrepe
kussing	kus-sing ✓	ku-sing ✓
agtien	ag-tien ✓	ag-tien ✓

terug	te-rug ✓	trug ✓
darem	da-rem ✓	darm ✓
geeet	ge-ë-et ✓	ge-eet ✓

8. Dis die manier waarop die produk se naam geskryf word. ✓

9.

Manlik	Vroulik
<i>broer</i> ✓	suster
polisieman	<i>polisievrou</i> ✓
akteur	<i>aktrise</i> ✓
skrywer	<i>skryfster</i> ✓
njalabul	<i>njalaooi</i>
<i>sokkerspeler</i> ✓	vrouesokkerspeler
<i>wolf</i> ✓	wolvin

10.

Stellende trap	Vergrotende trap	Oortreffende trap
gevaarlik ✓		gevaarlikste ✓
mooi ✓	mooier ✓	
goed ✓	beter ✓	
	harder ✓	hardste ✓
	eerliker ✓	eerlikste ✓

11.

- Hannes het reeds graad nege **geslaag**. ✓
- Hulle sal 'n plan **maak**. ✓
- Sy **verkies**'n iPhone bo 'n Samsung. ✓
- Hy het die taxi dorp toe **geneem**. ✓
- Die onderwyser kan Kgomotse se naam reg **uitspreek**. ✓
- Hannes en sy vriende mag nie **verslaap** nie, al is hulle baie moeg. ✓

12.

- My suster moet my foon **teruggee**. ✓
- Sy moet my kamerdeur so hard **toeklap** dat my ore tuit. ✓
- Sy moet my iPhone onder my kussing uitpluk. ✓

13.

- My oë dwaal onwillekeurig. ✓ (Bywoord van **wyse**) ✓
- “Hannes, luister nou mooi na my. ✓ (Bywoord van **tyd**) ✓

14.

- Hulle het gister die skelms gevang. ✓
- Sy moes gister reeds vertrek het. ✓
- Hy was gister afwesig. ✓
- Gina wou gister die seuns strand toe vat. ✓
- Ons mag nie gister hier geparkeer het nie. ✓

- 15.
- Dit sal darem net een SMS wees. ✓
 - Gina sal vir my kyk my soos 'n haai wat 'n week laas geëet het. ✓
- 16.
- O, so jy vat my foon? ✓
 - Hoe weet sy? ✓
 - Al wat ek nou hoor, is stilte. ✓
- 17.
- Nee, ek hoor nie hoe Gina in die gang afgestap kom nie. ✓
 - Nee, jy dink nie jy is so *cool* nie. ✓
- 18.
- My suster skree dat ek haar foon moet teruggee. ✓
 - My suster vra saggies of ek haar foon gevat het. ✓
19. Hannes het gesê: “My suster is agtien en een van die mooiste *girls* in die skool.” ✓
20. Die foon word onder die kussing in gegly. ✓
21. Gina, een van die mooiste girls in die skool, se foon is weg. **Byvoeglike/bywoordelike bepaling** ✓ ✓
- 22.
- Hannes se pa is 'n advokaat wat groot hofsake vir belangrike mense veg. **Byvoeglike/bywoordelike bysin** ✓ ✓
 - Sy klap my kamerdeur so hard toe dat my ore tuit. **Byvoeglike/bywoordelike bysin** ✓ ✓
 - Gina kyk vir my soos 'n haai wat 'n week laas geëet het. **Byvoeglike/bywoordelike bysin** ✓ ✓
23. Hy moet ophou om vir haar komplimente te gee, want dit gaan nie werk nie. ✓
24. Hy jok verskriklik. ✓
25. Figuurlik ✓
- 26.
- fluister ✓
 - lelikste ✓
 - onthou ✓
 - klein ✓

Totaal: 146 punte
